

25 FEBRUARIE 2019

Matteus 5:6: #Dorstig

“Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.”

Jare terug het ons op Upington gewoon, in die goeie Noord-Kaap. Upington se poskode was 8800 en was dit altyd 'n sê-ding dat die 88 van die poskode staan vir hitte en die 00 staan vir min reën. Upington was baie bekend vir sy warm dae en nagte en natuurlik die min reën! Tydens een van hierdie baie warm aande was ons sonder water weens 'n stukkende waterpyplyn iewers in die dorp. Daardie nag kon ek net nie slaap nie. Ek het gesmag na water soos nog nooit vantevore.

Was jy al so dors dat dit voel of jou tong begin swel en jy nie kan reg praat nie?

Hierdie smagting na water het my laat dink aan wat Jesus by ons soek - waarna smag Hy? Hy verlang daarna dat ons na geregtigheid sal smag. Nie soseer dat daar in hierdie wêreld reg sal geskied nie, dit seker ook, maar omdat ek bewus is van die **ongeregtigheid IN MY**, soek ek geregtigheid vir myself. Ek is bewus van my sonde, ek treur oor my sonde en ek smag daarna om “geregtig” verklaar te word, om gereinig te word van die onreg wat so totaal deel van my wese is.

Die belofte wat aan hierdie smagting geheg word is, **jy sal versadig word**. As ons waarlik smag om geregtig te word, sal ons geregtig word in Jesus Christus. Hy het betaal om ons regverdig voor God te verklaar. Hy reinig ons van alle ongeregtigheid. As Jesus dan hier belowe, “Jy sal versadig word,” dan bedoel Hy in oorvloed. Die Griekse woord wat gebruik word vir versadig, beteken om in oorvloed te hê. So is dit ook wanneer Hy ons regverdig verklaar, **dit is in oorvloed, dit is voldoende, ons hoef nooit meer te smag nie**. Amen

In Sy Liefde altyd

